# LLEWELLYN KRIEDEMANN

**Datum:** 17 April 2011
**Plek:** Marion Eiland
**Vraagsteller (V):** Lize-Marie van der Watt | Geskiedenis Departement| Stellenbosch Universiteit
**Antwoordsteller (A):** Radar Ingenieur | SANAE 47 | 2007

**V** Hierdie is `n mondelingse geskiedenisonderhoud met Llewellyn Kriedemann. Dit is 17 April 2011 op Marion Eiland. Jy was op SANAE en op Gough gewees.

**A** Dit is reg ja.

**V** So ons praat eers `n bietjie oor SANAE.

**A** Ja.

**V** So watter jaar was jy daar, en wat is jou spannommer?

**A** Ek was SANAE 47, was ek daar gewees.

**V** Ja.

**A** Ek dink dit was 2007, het ons vertrek.

**V** Okay.

**A** Dit was Desember 2007 en watter jaar daarna? Dit was…

**V** Dan sal julle teruggekom het in begin 2009.

**A** Ja. Dis reg.

**V** Okay, nee, dit maak sin, want dan is jy, so kort van jy van SANAE af teruggekeer het, het jy op die skip geklim vir Gough.

**A** Dit was so 6 maande gewees.

**V** Dis dan dieselfde jaar. Ja. Dit maak sin. Dit is op SANAE nou? Nou wat presies het jy daar gedoen?

**A** Op SANAE was ek die radar ingenieur gewees op die span. So dit was basies, daar is `n baie groot radar op SANAE. Hy is vir hemisferiese toetse wat hulle doen, dan is dit basies, kry die radar, kyk hoe die hemisfeer self bo Antarktika rondbeweeg soos wat die son se strale die aarde tref.

**V** Okay. En was jy die enigste een wat dit gedoen het, of was daar een of ander wetenskaplike wat ook gehelp het?

**A** Nee. Ek was die enigste een op daai projek.

**V** Okay.

**A** Op SANAE is, elke ou het sy eie projek.

**V** Okay. So dit is bietjie kleiner spanne as wat op die eiland is?

**A** Ja. Daarso is ons net 10 mense op die span, maar daar is baie meer tegniese ouens op die span ook as wat dit byvoorbeeld hierso is.

**V** Ja. Nou hoe het dit gekom dat jy aansoek gedoen het om te gaan?

**A** Ja.

**V** Hoe is jou belangstelling?

**A** Ek het nog altyd belangstel, jy weet? Ek het my nog altyd self belowe ek wil nie eendag `n werk doen waar ek in `n kantoor sit jy weet, in die stad en dit is die *traffic* en normale ding nie. Ek het myself belowe gaan jy weet, iets anders doen. Net die *extraordinary* tipe werk hê, en toe terwyl ek nog besig was om vir werk aansoek te doen het `n ou, hy was voorheen of Gough en Marion gewees. Toe het hy vir my gesê soos hierso is `n werk, gaan doen aansoek daarvoor, hy het vir my die advertensie gebring.

**V** Ja. Wie was dit?

**A** John Mclinden, hy is op die oomblik op Gough…

**V** Okay.

**A** `n Radio tech daarso.

**V** Okay.

**A** Toe sê hy vir my doen aansoek vir daai, toe kyk ek die ding so, toe sien ek Antarktika vir `n jaar bly, dink ek jislaaik, dit klink nogal ekstreem, maar ek het daarvoor aansoek gedoen en die werk gekry en ek was nooit spyt dat ek dit gedoen het nie.

**V** Dis fantasties. Nou wat het jy oor Antarktika geweet voor jy soontoe gegaan het?

**A** Wel, ek het geweet dit is baie koud en baie winderig, en dit is, wel Suid van alles, maar verder het ek nie verskriklik baie daarvan geweet nie, behalwe natuurliknou wat jy in *documentaries* sien. Maar natuurlik soos wat ek nou betrokke was by die werk en goed voordat ek gegaan het, het ek baie, baie meer geleer ooran Antarktika. Wat daar alles gebeur, die wetenskap wat daarby betrokke is, soos die plante en die diere wat daarso is, so.

**V** Okay. Nou, beskryf bietjie vir my die span voorbereidings wat hulle vir julle gedoen het.

**A** Die spanvoorbereidings, daar is opleiding van omtrent so maand lank, dit is baie dieselfde as hierso, maar daar kom nou `n paar goedjies by. Ons doen natuurlik die *cooking* wat nogal baie lekker is. Ons doen *fire-fighting*, ek geniet die kook verskriklik baie. Ons *first-aid training*, dan doen ons ook swaarvoertuie wat ons moet *bulldozers* en sulke goeters kan ry. Dan doen ons bietjie klim opleiding wat hulle…

**V** Soos om in krewasse in te klim?

**A** Ja, en dan vat hulle ons daar na Kaapstad toe, en dan klim ons daar kranse uit en *abseil* af, en sulke tipe goed. En dan het ons ook maar soos *rescue training* gedoen, *pretend* hoe om mense te gaan red. Sê nou maar iemand het in `n krewas geval of jy weet, hy is beseer buite, en sulke goed.

**V** Okay, en dink jy dit was voldoende gewees?

**A** Ja, ja-nee, dit was baie lekker gewees.

**V** Okay.

**A** Ek dink daai, die opleiding is nie altyd soseer oor jy weet, wat dit vir jou leer nie, dit is half die hele span…

**A** Span-bou ook, so in `n mate.

**V** So dit het definitief ook daarvoor gehelp?

**A** Ja, maar dit was definitief. Ek het nie enige probleme daarmee nie, dit was eintlik nogal baie lekker.

**V** Nou wat se voorbereiding moes jy spesifiek tref vir die werk wat jy moes doen daar?

**A** Ek het nie baie voorbereiding nodig gehad nie. Ek het, my opleiding het begin so ses maande voordat ek al moes afgaan SANAE toe.

**V** Vir wie het jy gewerk?

**A** Vir Hermanus Magnetic Observatory.

**V** Okay.

**A** Toe het ek daarso, het ek basies van niks af begin met die opleiding, en hulle het vir my alles geleer wat ek moes geweet het. Dit het ook baie gehelp dat daar `n ou was wat net voorheen teruggekom het van SANAE af wat die HMO was en `n klomp van die ouens by die HMO was ook al op Antarktika

gewees. So hulle kon vir my presies gesê het wat om te verwag jy weet, en hoe dit daar gaan wees, en wat ek alles moet saamvat om die lewe bietjie lekkerder te maak en so.

**V** O, okay.

**A** Dit was lekker.

**V** Nou wat het jy gedoen voor jy begin het met die opleiding? Het jy gewerk, het jy geswot?

**A** Nee, ek het net klaar geswot op Stellenbosch. Ek het elektroniese ingenieurswese daar geswot.

**V** Okay.

**A** So, ek het net klaar gemaak en toe was ek besig om met `n soektog vir werk .

**V** Okay.

**A** En dit is toe ek hierdie ene gekry het.

**V** Okay. Fantasties. Nou bietjie oor na die reis af SANAE toe. Het julle met die Agulhas gevaar?

**A** Ja. Ja.

**V** Kan jy onthou wie die kaptein was?

**A** Ek is nie seker nie. Ek kan nie onthou of dit Freddie Lighthelm was, en of dit die…

**V** David Hall, die voorganger?

**A** Ja dit is, ek dink dit was miskien David Hall, want op die rit af SANAE toe, het hulle mos twee kapteine…

**V** Okay.

**A** Die een was vir die vaart af toe waar hulle by die ys kom, dan het hulle mos die *ice captain*…

**V** Ja?

**A** Wat deur die ys en goed…

**V** O, okay, nee ek sien. Nou, wat presies het julle gedoen op die vaart af? Hoe lank was die vaart?

**A** Dit was net so bietjie meer as `n maand. Nee, want die vaart af tot waar jy by die ys kom, is redelik vinnig.

Dit vat nie baie lank nie, maar ons het bietjie vroeg gegaan in ons jaar. Ons het drie Desember, het ons gevaar.

**V** Dit was vroeg.

**A** So teen daai tyd, baie van die see is nog ys. So die skip vaar deur daai ys, hy probeer maar breek. Dit is mos nie eintlik `*n ice breaker* nie. Hy vaar maar daardeur, maar jy sit baie kere vas, en dan moet jy maar wag totdat die ys bietjie op kraak, en dan vaar ons `n bietjie verder…

En toe ons daar ook gekom het, die Kamov het natuurlik gebreek toe ons daar was, en toe moes ons nog langer wag, so ons was `n bietjie *delayed* gewees, maar dit was *nice* gewees.

As jy eers by die ys kom, dan is die see mos plat. Dit is soos `n spieël, dan sit `n mens omtrent heeldag lank bo-op die *monkey* dek daarso, en daar is natuurlik baie om te sien. Jy sien die robbe en die pikkewyne wat op die ys is, maar natuurlik daai ys is net flippen *amazing*. Dit is asof jy besig is om die skip te vaar in die middel van `n *continent*. Al wat jy sien is net ys, maar dit is rêrig *amazing* as jy daardeur vaar. Ons het natuurlik die King Neptune-seremonie.

**V** O ja, hoe werk dit?

**A** Dit was nogal interessant gewees. Dit was baie koud gewees, maar dit was lekker gewees.

**V** Ja. Beskryf net so bietjie wat dit [lag]

**A** [lag] Dis *complicated*. Dis, basies kom koning Neptune se bere kom haal jou, en dan moet jy nou onderdanig wees aan koning Neptune self.

**V** Okay.

**A** Maar dan word jy nou gestraf, jy weet as…

**V** Vir een of ander sonde?

**A** Ja, vir een of ander sonde wat jy nou gepleeg het, en dan vat koning Neptune jou en hy doop jou in die see, en hy vat jou deur die hele ding om jou weer gesond te maak, jy weet, want om jou…

**V** Om jou te genees.

**A** Ontslae te raak van al jou sondes. As jy nou daardeur is mag jy nou verder gaan oor 66 grade. Die, wat noem mens, die 66 grade?

**V** Ja. Die *Antarctic circle*?

**A** Ja, maar andersins mag jy nie oorgaan nie.
Hy wil nou net seker maak dat jy reg is om aan te gaan.

**V** Ja.

**A** Maar dit was baie pret gewees.

**V** Nou wat het julle andersins op die skip gedoen? Ek meen, meer as `n maand is nogals `n lang tyd.

**A** Ja. Ja, ons het nou natuurlik Kersfees op die skip gehad ook.

**V** Ja.

**A** En Nuwe Jaar was ons ook nog daar gewees. Vir Nuwe Jaar, van die ouens hierso, die PWD ouens is mos betrokke by die Kaapse Klopse.

**V** Is dit?

**A** So hulle het almal hulle, jy weet, hulle Kaapse Klopse *outfits* saamgebring met die sambreeltjies en alles.

**V** Haai jinne.

**A** Toe vir Nuwejaar het hulle daar gedans die hele skip vol. Dit was nogal baie pret gewees.

**V** Dit is fantasties.

**A** Omdat daar ook so baie mense afgaan daar ook, is die *parties* en goed groot.

**V** Groot.

**A** Die skip is, dis baie bedrywig daar. Daar is baie mense wat jy mee kan gesels, omdat die skip ook, as hy op die ys is. Jy weet, die skip beweeg nie. Jy voel hom nie eers beweeg nie, so niemand is see siek of dat jy nie lekker voel nie.

**V** So almal daar maar rond, het goed om te doen?

**A** Ja. So, ek kan onthou dat ek verskriklik verveeld was toe ek afgegaan het. Net daai eerste stukkie...

Todat jy daar kom waar die rowwe see is, en so.

**V** Okay. Is daar enige iets anders wat jy nou kan dink wat op daai vaart gebeur het, of enige insidente of is dit maar net algemene jolige...?

**A** Ja, dis maar die algemene jolige skipvaart af SANAE toe, maar natuurlik as jy nou afgaan is dit hierdie *expectation*,jy weet jy gaan Antarktika toe en dit is die eerste keer wat ek so lang vaart gevat het met

die skip. Dit is alles nuut, ons almal is so *excited* om af te gaan. En dan kom jy by hierdie ys en jy sien soos dis jou eerste ysberg. Wow, jy weet, ysberg. Dit is so *amazing,* dan kom jy by hierdie, jy sien vir die eerste keer wat jy, jy sien net klein ysvlokkies, weet, rondom jou. Dan as jy by die ys uitkom dan, alles is net soos heeltemal nuut.

**A** So dit is rêrig *amazing*.

**V** Nou wat is jou eerste gedagte toe julle nou uiteindelik stop by die ysbank, en dinge moet nou gebeur?

**A** Ja, ek weet nie, dit is net so, dis *larger than life*, jy weet nie rêrig wat om te dink nie. Dit is hierdie massiewe muur van ys wat hierso bo jou uitstaan, en hy staan ver bo die skip uit, maar toe het ons nou nog daar rondgedobber langs die *ice shelf*. Toe mos hulle mos nou eers so *ramp bulldoze* sodat hulle die goed kan begin aflaai. Maar jislaaik daarso is dit ook *amazing*. Daarso is, die water is rêrig soos `n spieël. Ek het daar foto's geneem van die refleksie van die *ice shelf* af in die water wat, jislaaik, dit lyk soos `n perfekte spieël wat jy daar sien. Maar dit was net soos, jy weet nie rêrig wat om te dink nie, dit is net alles so groot en *amazing*.

**V** Toe julle nou by die basis aankom, dit is nou die nuwe basis SANAE IV né? Die een wat op die Nunatak gebou is.

**A** Ja.

**V** Hoe het julle daar gekom? Met die helikopters?

**A** Nee, nee. Toe ons van die skip afgeklim het was die Kamov nog steeds gebreek gewees.

**V** O gits. Hoe het julle van die skip afgeklim?

**A** Ons het, hulle het ons met daai groot hyskraan…

**V** Rêrig?

**A** Wat daar voor is op die skip, hulle het so *basket*…

**V** Ja?!

**A** So net wat so…

**V** O ja.

**A** So ons het almal so aan die net vasgehou, en dan swaai hulle jou so oor, en sit hulle vir jou neer op *ice shelf*...

**V** Goeie genugtig.

**A** Dit was nogal *cool* gewees.

**V** [lag] Ek kan dit goed dink!

**A** Nee, want die Kamhov was gebreek, maar die Kamhov staan mos die hele agterste *helidek* van die skip…

**V** Ja.

**A** Vol. So toe kon hulle nie die ander helikopter uitkry om hom te gebruik nie.

**V** Okay, ek sien.

**A** Toe moes hulle wag vir parte wat dink ek moes ingevlieg word het van êrens af.

**V** Goeie genugtig.

**A** Toe het ons nou bietjie ongeduldig begin raak, ons wil nou net gaan. Toe sê hulle, okay, swaai hulle ons op, op die *ice shelf*. Toe is dit nou die eerste keer, jy weet, nou staan jy op Antarktika, dit is net so *amazing*. Ek het so gestaan, so een tree gegee, en toe neuk ek om want toe trap ek op `n stuk gladde ys.

**V** O?

**A** So dit was eintlik nogal snaaks gewees.

**V** [lag] Ja, ek kan dit goed dink.

**A** Maar toe is ons nou daar in die voertuie in. Dit is die *Challengers* wat ons mee ry. Hulle kan nie baie vinnig ry nie.

**V** Is dit `n soort Ski-doo?

**A** Nee. Nee, dis amper soos `n baie groot trekker.

**V** Okay

**A** Hy het sulke *tracks*.

**V** Ja, oraait.

**A** Ja.

**V** Nou is ek by.

**A** En hulle, jy sleep amper soos `n karavaan agter hom aan, want hy is soos `n hele, dit is amper soos die hutte wat hierso op die eiland is, maar hy het soos `n hele kombuis in, jy weet?

**V** *Wow*.

**A** Heeltemal uitgerus. So ons het die voertuie, twee van hulle, toe, ons was nog `n hele paar mense op die skip gewees toe…

**V** Ja?

**A** Laai hulle ons af op die *ice shelf* af, ons kry die voertuie, toe ry ons af na SANAE self toe.;

**V** En hoe ver is dit?

**A** 160 km.

**V** Nou hoe lank het dit julle gevat?

**A** Ek kan nie onthou nie? So 8 na 10 ure.

**V** O, so julle hoef nie in die nag geslaap het in daai hutte of so iets van daai aard nie?

**A** Nee. Nee, omdat daar so baie mense is wat kan die goed bestuur…

**V** O.

**A** Het ons maar so beurte gemaak, en omdat natuurlik die son gaan nie onder nie…

**A** Jy gaan maar net regdeur ry.

**V** Goeie genugtig, nou het julle maar op *GPS'e* staatgemaak om te weet waarheen om te gaan?

**A** Ja-nee, daar moet jy, jy ry net op GPS, want orals is dit net wit.

**V** Ja.

**A** So jy kan nie rêrig sien waarnatoe jy gaan nie.

**V** Toe jy nou uiteindelik daai basis op die Nunatak sien…

**A** Ja.

**V** Wat is…

**A** Toe is dit soos, *wow*, jy weet, daar is ons huis. Ons is soos toe ons die eerste keer sien, almal wys net, *yeah*, daarso is dit. Toe spring ons uit, neem foto's, jy kan nog net so…

**V** Net so spikkeltjie..

**A** Dis net so spikkeltjie. Toe ons nou onder die berg verbykom
Toe ry daar nou mense af met die Ski-doo om te kom hallo sê.

Dit was nogal baie *nice* gewees, maar toe ons nou by die basis self aankom, toe is dit net soos, ek het nie geweet wat om te dink nie, want dis hierdie massiewe struktuur wat hierso orals is. Jy sien mos fotos en goed daarvan…
Maar ek het nie rêrig geweet om so iets te verwag nie. Dit staan vrek hoog bo die grond uit, hierdie massiewe dubbelverdieping gebou, dit was net soos, *wow,* jy weet? Ons het nou net vir 8 ure in die *Challengers* gery, ek dink ons het so 3h die oggend of iets daar aangekom, maar natuurlik, die son skyn nog steeds.
En dan kom jy by hierdie massiewe gebou aan, jy weet nie wat om te sê, wat om te dink, of enige iets nie.

**V** So die span wat julle toe ingewag het, het julle baie tyd saam met hulle deurgebring?

**A** Ja-ja, daar is mos baie, die mense kuier mos so oor en weer, en die ou span vat jou mos nou deur, jy weet? Hoe alles is, vertel vir jou al die stories, jy weet? Berei jou nou half voor vir wat jy moet doen, en hoe dit gaan wees vir die res van die jaar wat jy daarso is.

**V** Het jy `n voorganger gehad, of was jy?

**A** Ja. Ja.

**V** So die persoon het jou toe nou?

**A** Ja. Ja.

**V** Oraait. Watter tipe goeters het hulle julle alles vertel?

**A** Meestal goed wat ons nie eintlik mag doen nie.

**V** O, maar.

**A** Maar dan natuurlik hulle wys vir ons, jy weet, hoe om die normale base *duties* te doen, jy weet, soos hoe om water te maak, en wat jy moet doen, soos waar al die *depots* is, sê nou maar as jy iets gemors het, om dit skoon te maak. En natuurlik net soos hoe die omgewing is en waar jy kan gaan en nie kan gaan nie. En dan natuurlik die meeste beklemtoning is jou, jou werk self.

**V** Ja.

**A** Met wat jy moet doen, hoe om dit doen, en so. Dan is daar natuurlik die *base-skivvies* wat skottelgoed was en glase skoonmaak en sulke tipe goeters.

**V** Okay, moes julle toe nou min of meer dadelik inval daarmee of?

**A** Ja. Ja, dit is maar dieselfde as hierso.

**V** Ja.

**A** Jy kom daar aan, en dan sê hulle vir jou, okay jy is more op *kitchen skivvy* of iets soos dit.

**V** En dan moet julle maar spring?

**A** Ja.

**V** Nou beskryf bietjie `n dag in die lewe van; op SANAE.

**A** Sjoe, dis nogal `n moeilike een. Basies in die oggend moet ek opgestaan het, wat ook al tyd is, dan het ek gewoonlik bietjie gaan *gym* eers, en gaan in die sauna sit, en…

**V** Lekker.

**A** Ja, dit was lekker, dan het ek nou gaan seker maak alles hardloop reg, gaan monitor die goed, maak seker dat die data deurkom en so, gaan maak seker dat die data gestuur is van die vorige dag. As daar nou enige probleme is, sal ek nou afgaan na die radar toe, net om dinge reg te maak. En dan natuurlik, dit is nogal moeilik om te sê presies wat mens doen want daarso. Ons het baie van die tyd spandeer in die *dining room* van die basis self, want as jy daar verbykom jy weet, dan is daar iemand besig om miskien `n koffie te drink, en dan gaan sit jy en gesels jy weet?

Maak vir jou iets om te eet, en dan moet aandetes en goeters natuurlik, redelik groot.

**V** Almal saam.

**A** Ja, want dit begin al hier so vieruur ,vyfuur. Dan is dit iemand se beurt om kos te maak, maar dit is meer soos `n sosiale geleentheid. Almal gaan sit in die kombuis jy weet, kuier in die kombuis terwyl die mense kosmaak en almal help uit wat nogal baie lekker is. En dan het ons baie aande gaan sit tot twaalfuur, eenuur in die oggend wat ons, jy weet, na ete…

**V** Ja.

**A** Wat ons nog steeds net daar by die tafel sit en kuier en gesels. Ek dink baie van die tyd is `n sosiale geleentheid daarso.

Dan intussen kom goed soos water maak ook, dis ook soos `n *skivvy* wat toegeken word aan mense, maar ek het dit nogal baie geniet. En dan moet jy nou uitgaan uit die basis uit, en daarso is so groot gat in die grond met sulke elemente in jy weet, wat die ys smelt, want dan moet jy nou al hierdie ys daar ingooi en wag dat hy smelt.

**V** So moet jy nou, min of meer met `n graaf gaan en ys in die gat gooi?

**A** Ja. En ons het so op die basis 2000 liter water per dag gebruik.

**V** Ja.

**A** So dan moet jy natuurlik…

**V** So dis baie ys.

**A** Want dit is so twee ton ys wat jy moet ingooi in daai gat in, maar ek het dit rêrig baie geniet. Dit was lekker gewees.

**V** En het jy baie geleentheid gekry om bietjie uit te gaan?

**A** Ja. Ja, ons het nogal baie uitgegaan.

**V** Het jou werk behels dat jy buitentoe moet gaan of?

**A** Ja.

**V** Okay.

**A** Ja, my werk het nou behels dat ek moet uitgaan. Ek dink my installasie was die verste van die basis af van enige iemand se goed. So ek moes buitentoe gaan as daar enige iets, jy weet, gebreek het of so, want die wind ruk goeters nogal so uitmekaar uit, dan moes ek dit nou gaan regmaak as dit moontlik is, as die weer nie te sleg is nie. En baie kere moes ek afgaan net om seker te maak dat alles reg loop daar onder. So ek het redelik baie uitgegaan jy weet? Maar ons het ek elke kans wat ons gekry het, jy weet, dan sal ons nou gaan, dan vat ons die Skidoo's, dan gaan ons hier af vir een of ander *field trip*, en daarso is `n *slope* net onderkant die krans ook.

Ons het nogal baie daar afgegaan en gaan ski en gaan snowboard en so wat baie lekker is.

**V** Op `n matras?

**A** Op die matrassie wat ons nie mag gedoen het nie.

**V** [lag]

**A** Ja, daai ene waar jy oor `n 100, en ek kan nie onthou hoeveel, km/h afgaan nie.

**V** So het jy so by die krans afgegaan op die matras?

**A** Ja. Ja.

**V** Goeie genugtig.

**A** Ja, ek gaan op daai slope ja, jy vat hom net so vas, en dan bestuur jy met jou voete.

**V** Goeie genugtig.

**A** En dan gaan jy so vinnig af, dit is nogal baie lekker. En dan het ons ook die gleiter gevat om te gaan kamp by verskillende plekke ook. Dan vat jy die voertuie, daai karavaan wat jy agter jou aansleep, en dan gaan jy sommer êrens heen en gaan kamp daar vir `n paar dae. Sommer `n hele groep van mense saam.

**V** Oraait. En wat doen julle?

**A** Ons gaan klim die berge, en gaan, ek weet nie, gaan loop rond en ski.

**V** Okay.

**A** Enige iets wat ons aan kan dink.

**V** En daar is nie diere nie, want dit is in die binneland?

**A** Ja.

**V** Okay.

**A** Ja, daarso is een koppie wat daarso naby is, ek kan nou nie sy naam onthou nie, maar waar die *Snow petrels* broei.

**V** Okay.

**A** Maar jislaaik dit is mooi voëltjies daai hoor. Dit is sulke spier, spierwit klein voëltjies wat daar, amper soos duiwe.
Maar jis, hulle is baie mooi. En dan, hulle maak hulle neste onder die rotse.

**V** O, okay.

**A** Ons het nie eers van hulle geweet nie, ons het daar rondgeloop, ons was besig om die berg te klim. Toe het ons daar opgeloop, en ons sit, en ons hoor sulke snaakse geluide, en ons loop daar rond nou hoor jy hierdie, so snaakse gekoer, koer. En toe kom ons daar op `n klip af, ons hoor nog die ding, kyk so hier onder, hier sit die kuiken daarso onder die rots.

**V** Vreesbevange.

**A** Ja. Dit was nogal *amazing* gewees, maar dis nie, mens sien nie baie voëls op die land nie.

**V** Ja.

**A** Jy sien so elke nou en dan `n voel verby vlieg, miskien eenkeer per maand, of iets soos dit. Dit is amper soos, weet almal wys na die voëls, wow, kyk daar is voëls! As jy enige iets sien daar is dit `n groot ding, en die enigste plante wat jy sien is mos wat op die rotse groei, en daar is soos drie kleure mos, jy weet? Dis rooies, geles en swartes.  So as jy mos sien dan is dit, *wow*, jy weet? Almal neem foto's van `n stukkie mos wat hulle êrens sien. So, daar is nie baie plantelewe nie, maar as jy iets sien dan is dit nogal *amazing*. Jy leer om, jy weet, wat jy sien, regtig te waardeer.

**V** Ja. Nou wat is die uitdagings daaraan verbonde om op Antarktika te bly?

**A** Uitdagings natuurlik is die verskriklike, jy weet, die weer natuurlik is een van hulle. En daarso, die wind kan flippen horribaal erg waai. Ons het natuurlik elke oomblik daarvan geniet. Die hoogste wind wat ons al gehad het wat ons uit was, was 90 knope.

**V** Goeie genugtig.

**A** Maar toe het ons gaan *extreme ironing* doen.

**V** [lag] Hoe werk dit?

**A** Daar is so hele ding van *extreme ironing*. Dis mense wat soos stryk in ekstreme toestande. Sê nou maar mense sal *bungy jump* met `n strykplank en `n strykyster of so. Of ski-diving, iets soos dit.

**V** Okay. Ek verstaan.

**A** So nou het ek en ons spanleier het uitgegaan, toe was dit nou `n rowwe storm gewees, want dit het so 90 knope gewaai. En toe gaan ek en hy uit. En daai tyd kan jy nie meer regop staan nie, want jy waai net om.

**V** Ja.

**A** So toe het ons met toue en alles ons self vasgemaak en met *ice axes* kruip ons daar uit, toe sit ons ankers en goed in dat ons *actually* die strykplank kan regop sit. Toe het ons nou daarso, jy weet, gestryk, en video's geneem daarvan en alles. Dis sulke goed jy weet? Jy doen dit net vir pret.

**A** Omdat jy kan. Ek dink die hoogste wind, die *gusts* wat ons gehad het was 120 knope.

**V** Wow.

**A** So die wind, ek meen die weer is ekstreem daarso.

**V** Ja.

**A** Die laagste temperatuur wat ons gehad het was - 40, en dis, dis nogals koelerig.

**V** Dis woes. Dis woes.

**A** Maar weereens met - 40, het ons soos `n *100 degree dash* gedoen.

Ons sit in die sauna, jy sit hom op tot so 60 grade, en dan sit jy in die sauna vir so tydjie, en dan as jy nou lekker opgewarm het, dan hardloop jy uit, en dan as dit nou -40 is jy weet, dan is die temperatuur verskil mos nou 100 grade celsius.

**V** Ja.

**A** Dan daar uitgehardloop, en dan gaan staan jy net buite in die wind…

**A** En dan hardloop jy weer in .

**A** Sommer net omdat jy kan.

**V** Net vir die lawwigheid en dit klink soos pret.

**A** Maar die weer is baie gevaarlik natuurlik, want ek meen met daai winde en storms, jy kan omtrent so meter voor jou sien, en jy is heeltemal toe van kop tot tone, dan is jy heeltemal toe, en jy het jou *snow goggles* op. En gewoonlik as jy loop daarso, dan die sneeu kom nog binne die *snow goggles* ook, so die enigste manier wat jy werklik weet waar jy is, is as jy aan `n tou vasgemaak is of jy weet jy voel waar jy is.

So die weer is gevaarlik, maar ons het dit half net gebruik om pret te hê.

**V** Dit klink vir my soos `n baie goeie plan. Nou wat maak die lewe op Antarktika die moeite werd?

**A** Ek dink dit is die hele ervaring van Antarktika, dit was vir my net `n *amazing experience* gewees, die hele ding van, dit is Antarktika! Daar is net so min mense wat ooit daarna toe gaan, en dan nog minder mense wat vir `n hele jaar daarso spandeer wat die veranderinge in die seisoene kan sien en jy weet, hoe dinge verander. Daar is die auroras wat jy ook sien daarso oor Antarktika. Dis net, alles maak dit die moeite werd. Die hele ervaring wat jy op geen ander plek sal ervaar nie.

**V** Nou, beskryf bietjie jou spanmaats.

**A** Ons was meestal `n jong klomp gewees. Almal was baie *amped* gewees, jy weet? Antarktika! Almal het, dis iets wat meeste mense nog altyd wou gedoen het. So ons weet nie hoe rêrig hoe om hulle te beskryf nie.

Jong mense, hulle is lus vir die lewe, wat alles geniet, alles wat hulle kan.

**V** En die spandinamiek?

**A** Nee ons het baie goed oor die weggekom as `n span.
Soos ek mos gesê het, ons het amper die heeltyd gekuier wat ons daar is. As jy nie besig is in jou kantoor gou iets te doen, of werk spesifiek buite te doen nie, dan kom jy daar verby en dan is iemand daar besig gou te eet of koffie te maak. Dan gaan sit jy daar en gesels `n bietjie, en dan kom daar nog iemand verby jy weet? Gesels `n bietjie, en dan sal ons besluit kom ons gaan maak gou `n bietjie water, jy weet? *Mission* ons hier af en gaan maak bietjie water, of kom ons gaan ski, dan gaan ons hier af as die weer nou lekker is, gaan ski. So ons het altyd jy weet, as `n groep het ons baie dinge saam gedoen. Gaan kamp en enige iets gedoen, hou baie *parties* en *dress-up parties*. Kry enige verskoning net om een of ander *party* te hou.

**V** Lekker. Sê my, hoeveel vrouens was in die span gewees?

**A** Daar was twee.

**V** Okay. Dit is nou `n ongelyke getal. Het dit ooit tot enige wrywing of so gelei?

**A** Nee, nie rêrig nie.

**V** Het almal maar net?

**A** Ja-nee, ek meen almal het maar normaal aangegaan. Vrouens bring natuurlik daai ekstra, wat noem mens dit? Dinamiek in die span, dit maak dit baie meer interessant. Die punt as dit net ouens is dan raak jy bietjie nie meer mens nie, jy weet? [lag]
Vrouens help net om die ouens onder beheer te hou as hulle daarop is.

**V** Wat is julle interaksie met ander basisse gewees?

**A** Ons het, daar is eintlik min interaksie tussen die basisse omdat vir `n groot deel van die jaar kan jy glad nie rondbeweeg op Antarktika nie.
Die weer is net te erg. Maar in die, baie naby aan die *take over* periode, net voor en net na dit…

Is daar nog baie vlugte wat rondvlieg op Antarktika. So dan kry ons omdat daarso is net soos `n *landing strip* is naby die basis, dan kry ons baie vliegtuie wat kom land, jy weet, net vir die *fuel*, miskien pakkies kom aflewer, en dan sal hulle weer vlieg of so.
Nou nie dat ons ooit dit mag gedoen het nie, maar ons het die eenkeer [lag] toe daar `n vliegtuig geland het, toe kom die *pilots* nou, en hulle kom kuier bietjie daar by ons. Toe sê ons vir hulle, luister kan ons nie bietjie saam met julle vlieg nie? En toe sê hy, ja jy weet, hulle gaan net na Neumayer toe, en dan kom hulle terug SANAE toe.
Hulle moes net `n ou gaan haal het. Toe sê die pilot, ja-nee, klim op die vliegtuig, daar is mos baie spasie. Toe is ons op die vliegtuig, toe vlieg ons oor Neumayer toe.

**V** Die Duitse basis?

**A** Ja die Duitse basis, maar dit was nou nog die ouer een, nie die een wat hulle nou het nie.

**V** Onlangs gebou het nie?

**A** Ja.

**V** Okay.

**A** Toe het ons bietjie daar gekuier en alles, en toe kry hulle die ou, toe vlieg hulle weer terug SANAE toe. Toe het ons nou hierdie een ou, een van die Duitse navorsers wat daarso by ons gekuier het. Hy moes net daar gewees het vir drie dae, maar toe was die weer nie lekker gewees nie, en daar was `n klomp *delays* gewees, en toe het hy ek dink vir twee weke by ons gebly. En in daai tyd het ons ook gaan kamp, en ons vat hom saam en ons braai daarso, en ons het baie gaan ski en ge-*snowboard*. So dit

was ook lekker gewees. En dan in take over het, Adriaan was nog, die DC ou gewees.

**V** Ja.
**A** Toe het hy ook vir ons na die Noorweegse basies toe gevlieg, net as `n beloning omdat ons die basis so mooi skoon gemaak het.
**V** Okay.
**A** Toe hulle daar opgedaag het.
**V** Lekker.
**A** En toe het ons weer daar `n bietjie gaan kuier en alles, so dit was ook baie *nice* gewees. Maar verder, dis baie moeilik om by die ander basisse uit te kom. So daar is eintlik min interaksie.
**V** Hoe was die kommunikasie wat julle gehad het met Suid-Afrika?
**A** Nee, dit was baie, baie goed gewees, daar was nie veel probleme nie, dis maar soos dit hier is, okay. Maar nie soos wat dit hier nou is nie.
**V** Aansienlik vinniger neem ek aan?
**A** Ja. Dit is aansienlik vinniger,ja. Maar dit was baie goed gewees.
**V** So het julle maar ge-skype en gebel en die klas van dinge?
**A** Ja. Daar is die internet baie vinniger as wat die twee eilande ook is. Daar kan jy nog video Skype en als sulke goed doen.
**V** Okay.
**A** Wat nogal *nice* is.
**V** Ja. Ek kan dit goed glo. Nou,het julle, jy het so bietjie vertel van die vliegtuig wat jy by julle geland het. Het julle enige ander besoeke gehad enigsins van helikopters, of `n span wat nou uitgeslaan het of enige so iets?
**A** Nee. Nee, dit is maar net die vliegtuie wat daar kom land het, en dan sien jy net so `n paar ouens. Gewoonlik kom klim hulle net so bietjie uit jy weet, net om bene te rek en so. En dan is hulle weer op die vliegtuig.
**V** Okay.
**A** En dan vlieg hulle.
**V** Is daar enige insidente waaraan jy graag terugdink?
**A** Daar is baie insidente, waaraan ek graag terugdink.
Maar spesifieke insidente, dit is baie moeilik om te sê. Ek kan net sê jy weet, dit is meer die hele *experience* wat dit net so lekker gemaak het.
**V** Okay.
**A** So ek kan nou nie sê jy weet daar was..
**V** Hierdie partytjie...
**A** Daai partytjie of iets soos dit gewees.
Wat nou uitstaan nie.
Maar dit was rêrig *amazing*.
**V** Nou is daar iets wat jy aan miskien, nie so lekker aan terugdink nie, wat dalk nie so lekker was nie?

**A** Ja?
**V** Enige insident of iets andersins.
**A** Ja, daar was seker maar `n paar gewees soos wat mens geval het, bietjie hard geval met die *snowboard* dan voel jy nie so lekker nie. Daar was wat ons, meganiese ingenieur, hy het siek geraak. Hy het breinvliesontsteking gekry…

**V** Ja.

**A** Terwyl hy daarso was, dit was nogal bietjie van `n *serious* een gewees. Toe was ons natuurlik bekommerd jy weet, is dit nou aansteeklik, gaan ons nou siek raak, jy weet? Sulke goed, maar gelukkig, hy was darem oraait gewees.

V Het hy toe nou weer reggekom?

A Ja. Ja hy het.

V So julle dokter het die werk gedoen?

A Ja-ja.

V Wie was julle dokter gewees?

A Ross Hoffman.

V Okay.

A Ja, en dan is daar maar die normale spanpolitiek, jy weet? Dinge gaan mos nou nie altyd perfek gaan nie. En daar is maar so hier en daar `n bakleiery, maar oor die algemeen was dit baie *nice* gewees.

V Okay. Julle was nie die span waar die ou die ongeluk gehad het nie?

A Nee. Nee dit was die span voor ons gewees.

V Okay, so die…

A Nee wag, daar is een insident wat…
Nie baie lekker was nie. Ek het dit nou al heeltemal vergeet. Die feit dat die projek waaraan ek gewerk het, dit is mos so massiewe radar, dis 16 torings wat 12 m hoog staan.
En daai ene het in Julie, het hy omgeval.
15 van die 16 torings het omgewaai.
Die goed het soos domino's op mekaar geval
En toe val almal om. So, toe sit ek soort van, nou weet ek nou nie wat om te maak nie. Daai is 'n multimiljoen Rand se projek, so toe het ek nou maar jy weet, vir Hermanus gebel en gesê dit is die storie, toe moes hulle nou `n hele nuwe radar ontwerp en dit daar op sit. Dit is darem nou gelukkig nie iets wat ek kon verhoed het nie of so nie. Dit was nou maar net `n baie, baie rowwe storm gewees.

V Moes jy toe nou die ding bou?

A Nee-nee. Dit…

V Of het hulle nou met die volgende rondte…

A Ja-ja. Met die volgende take over het hulle dit nou…

V Het iemand dit nou kom installeer. Nou wat het jy toe nou die res van die tyd gedoen ?

A Geski, partytjie gehou. [lag]

V Ja. [lag] Toe nou maar nie gewerk nie

A Ja-ja.

V Ja, okay.

A So dit was nie, jy weet? Die res van die tyd was nie sleg gewees nie, maar daai insident was nie baie lekker nie.

V Ja, natuurlik.

A Want ek het so, die twee meisiekinders op ons span, hulle het gaan ski die dag. Nou net *cross country*, so hulle het net so uitgegaan. En ek was nog besig om te slaap, dit was vroeg in die oggend, toe het hulle gaan ski, en hulle sê hulle het so gekyk, maar hulle sien nou nie torings hier staan nie, maar dit lyk nou net so snaaks. Hulle het nader gegaan, toe sien hulle nou, jy weet, hierdie groot goed lê hier plat. Toe bel hulle my van die hut af wat daar naby is, en ek tel toe die telefoon op, en hulle sê vir my, jou radar is plat, en ek is soos ja-nee ek weet, ek het hom afgesit, want as daar baie erg storms is dan…

Dan die *static* wat veroorsaak dat data deurmekaar raak, en dan sit ek hom gewoonlik af in `n storm, en dan sit ek hom weer aan na die storm verby is. En hulle sê vir my, die radar is plat, en ek sê, ja-nee ek weet, ek het hom afgesit. Nee, jou radar is, hy het omgeval, hy is plat. Jis, man, ek het hom afgesit, en hulle sê, nee, hy het omgeval. Toe is ek soos ja-ja, *whatever*, jy weet, en sit die telefoon neer. Ek dink eintlik hulle maak nou net `n *joke* of iets, maar nou is ek nuuskierig, en nou kyk ek maar by die venster uit. Toe ek nou so uitkyk toe sien ek daar staan net so een toring regop, toe is ek net soos, nou wat nou, jy weet? Jy weet nie eens wat om te dink nie of wat om te voel of enige iets nie.

V Ja. Natuurlik.

A Dit is hierdie massiewe ding wat daarso staan, en daar lê almal omgeval. So dit was bietjie ongemaklik gewees. En nou natuurlik al die goed wat daarna gekom het, die verslae wat ek moes geskryf het daaroor en so, maar die res van die tyd was baie *nice* gewees.

V So julle het ook maar, om nou weer terug te kom by basis lewe.
So julle het maar geroteer soos wat dit op Marion ook is, wie se beurt dit is en…

A Ja.

V Nou wie het die lekkerste gekook?

A Ek sou sê ek het die lekkerste gekook.
Maar…

V Watter tipe goeters het julle alles gemaak? Ek bedoel, het julle vars kos gehad?

A Ja, daarso het ons vars uie, vars aartappels, daarso is vrugte en goed ook. Meeste van die ander vars goed raak maar klaar vrot in *take over*.
So dit hou nie baie lank nie.
Maar hulle het daarso `n klomp vars goed wat ons kan gebruik, veral die vars uie is natuurlik, baie, baie *nice* om te gebruik deur die jaar. Nie hierdie gedroogde uie wat ons kry hierso nie.

V Ja, was daar enige iets wat op SANAE gebeur het wat dalk van geskiedkundige belang kan wees? Is daar enige iets waaraan jy kan dink?

A In ons jaar?

V Ja. Behalwe vir die torings wat op die grond geval het.

A Ek dink die torings wat omgewaai het is dalk `n goeie ene.

V Ja.

A Dit is `n klomp miljoene Rande se skade, en toe moes hulle `n hele nuwe tipe radar daar opgesit het.
`n Nuwe ene, hy kan nie omwaai nie. Hy is gebou vir daai super hoë windtoestande en so.

V En in Suid-Afrika waarvan julle gehoor het? Enige belangrike nuusberigte wat julle kan onthou waarvan julle gehoor het?

A Ek weet ons was op twee *documentaries* gewees.
Een van die, wat is die *Fresh Air Group*.
Was dit nou hulle gewees? Nee *Urban Bros*.
Hulle het `n *documentary* gemaak en daar was ook die *Foster Brothers*. Hulle het ook `n *documentary* oor ons gemaak.
Wel, oor die basis.
Dit was nogal *cool* gewees, jy weet, toe ons weer sien toe is ons op TV, maar verder, dit nie verskriklik, jy weet?
Baie goed wat gebeur nie.

V Wat is die moeilikste ding van jou tyd op die ys?

A Ek dink dit is die isolasie, dit is nogal `n groot ding. Dit is mos maar net, jy is nou weg van jou familie af. Dit is die eerste keer wat ek vir so `n lang tyd so ver weg van die familie af is. Dan kom daar natuurlik ook die, in die winter is daar mos glad nie son nie. Dit veroorsaak ook mediese kondisie. Ek dink dit is D3 Syndrome is wat hulle dit noem. Dit is wanneer jy weet, as gevolg van die te kort aan son

V Die vitamiene D?

A Ja. jy het nie vitamien D nie, en nou slaap patrone raak heeltemal, heeltemal deurmekaar. Soos jy kan vir 48 uur lank wakker bly, en dan slaap jy sommer weer vir `n dag. So dit gooi jou bietjie deurmekaar. Dan natuurlik sodra die son weer uitkom dan is dit net weer lekker. En in die somer is dit natuurlik anders om.

In die somer voel jy soos ’n *energizer bunny*, jy kan net aan en aan en aan gaan. Dan natuurlik ja, ander goed is maar die span politiek wat dinge maar deurmekaar maak.

Nou ja, maar die normale goed.

V Nou wat dink jy is die nut daarvan om `n basis op Antarktika te hê?

A Dit is natuurlik `n baie belangrike plek, soos vir hemisferiese studies, dit is omdat die magneetveld van die aarde daarso inkom, kan ons, as jy die hemisfeer bestudeer, kan jy ook presies sien wat op die son aangaan, en in die ruimte om die planeet. Daar is so baie goed wat ons nog nie verstaan van die aarde self en van die aarde se magneetveld, en hoe dit werk met die son self nie. Is dit `n baie belangrike laboratorium-omgewing eintlik, om te werk. En dan natuurlik vir Suid-Afrika ook om daai strategiese houvas te hê in Antarktika.

V Nou. Beskryf Antarktika.

A Dit is `n *amazing* plek wat baie, baie sneeu op het, redelik koelerig is, en baie winderig is, maar dit is net rêrig *amazing*. Ek weet nie rêrig hoe om dit te beskryf nie. Dit is nogal moeilik om dit in woorde te sit.

V Ja.

A Dit is rêrig *amazing*. Regtig.

V Nou. Wat het jy daar geleer?

A Jy leer nogal baie van jouself. Dit klink nou baie *cliché* daai wat hulle sê, jy leer jouself ken, maar dit is nogal rêrig eintlik so omdat jy so weg is van ander mense af daarso. Jy leer jouself half ken, jy weet? Hoe jy is eintlik, sonder al die ander mense. En dan natuurlik al die wetenskap wat ek ook daar geleer het, wat nogal *amazing* was. Dit is goed wat ek nog nooit in enige ander plek sou geleer het nie. En dan is daar ook die mense interaksies in so `n klein groep wat daarso is, baie dinamiek daarso, wat jy nie enige ander plek gaan hê nie. Dit is nou net tien mense wat jy daar het, maar jy moet leer om met daai tien mense te werk. Dit is nie soos by die huis waar jy, jy weet, as jy nie gelukkig is met iemand nie, dan gaan kuier jy weer by iemand anders jy weet, of dan gesels jy met hulle en dan voel jy beter of so. Jy het daai groepie en dit is waar jy moet werk. So, jy leer ook hoe om met mense eintlik beter te werk, en so. En ja.

V Is daar enige iets wat jy wil byvoeg oor jou tyd op Antarktika?

A Net dit was flippen *awesome* gewees.

V Sou jy dit aanbeveel?

A Ek sal dit vir enige iemand aanbeveel, ja. Definitief.

V Dankie.